# Augustus 2025






Past Gustav en Charmaine van Aardt
082 462 1282
082 3 789 123

**Liewe gemeente**

Die jaar het baie vining gevorder, en ons is al verby die helfte.  Ons is baie opgewonde oor die nuwe kwartaal wat afgeskop het, en ons vra dat u asb soveel as moontlik van die aktiwiteite sal bywoon.

> **Jes 30:15** Want so sê die Here HERE, die Heilige van Israel: In **terugkeer** en **rus** lê julle **heil**, in **stil wees** en **vertroue** bestaan julle **krag**; maar julle wou nie

Ek het die afgelope tyd ‘n aantal boodskappe gebring uit die boek Jesaja, en ek wil u aanmoedig om die boodskappe te luister.  Daar is soveel krag daarin om te skuil by die Here en in Hom as ons veilige Stad te woon.  Die Here verwag van ons om terug te keer na Hom toe, en soms maar net eerder stil te wees sodat Hy Sy werk kan doen.  Onthou dat God aan die werk is, en dat Hy die een is wat struikelblokke uitsorteer.  Vir ons sal Hy die pad gelyk maak, en voorsien.   Ons hoor gedurig getuienisse wat deurkom, oor hoe die Here voorsien en paaie gelyk gemaak het.  Die Here verwag van ons om getrou te bly, selfs al is die omstandighede ook hoe moeilik.  Deur eerder geestelik na omstandighede te kyk sal jy kan veg teen die versoeking om in te gee vir die vlees, en deur die Heilige Gees toe te laat om jou te lei sal jy berusting en vrede in die Here vind.

Mag die Here u elkeen ryklik seën in die kwartaal wat voorlê,  Kom ons werk met nuwe ywer vir die Here en doen ons bes vir Hom.

Dankie vir wat u finansieël ook bydra vir die werk van die Here.  Ons gemeente moet kan voortgaan, en u gehoorsaamheid aan God se Woord dra by tot die werk van die Here wat uit hierdie gemeente gedoen word.

Baie seën en liefde,

**Past Gustav en Charmaine van Aardt**

AGS Rayton se Visie

**“Ons volg Jesus Christus, die lig van die wêreld, deur te wandel soos kinders van die lig.“**





# Baie welkom aan ons nuwe lidmate



Dawid * Viandra * Amelia * Johan * Esther * Abie * Kayleigh * Carin

**AGS Rayton**
**NEDBANK**
**Rekening nr:**
**1620 217 031**
**Kode: 162050**

NEDBANK



André * Johan * Elri * Johan * Anna * Chrissie * Elize
Brigitte * E.J



Latie * Pieter * Dean
Denesa * Lanel

**Ons harte is seer vir die geliefdes wat ons onlangs verlaat het. Ons gaan julle baie mis, maar ons weet julle jubel nou in die Hemel !!**



Johan



Oom Ernie



Tannie Cathy